**Doel met die plae en die farao se harde hart**

**Eks 7:1-10:29 (Lees Eks 9:13-35)**

**24 Maart 2024**

1. Vantevore: Moses was nalatig om nie sy seun te besny nie, onakkuraat in sy optrede voor die farao: neem ander afvaardiging, volg ander benadering, gebruik ander terminologie, rig ander versoek, voeg selfs by wat die Here nie gesê het nie. Die Here is geduldig: Moses sal nou sien: wat die Here aan die farao gaan doen, dat die Hy werklik die Here is, hoe die verbondsbeloftes in vervulling gaan, dat Hy die volk gaan loskoop en hulle Sy volk maak.
2. Wat was die doel met die plae?
    a. Eerste paar plae kon die Egiptiese waarsêersprofete nadoen, daarna nie meer nie
    b. In verskeie plae is Gosen, waar die volk gewoon het, nie getref nie
    c. Plae = wonders = bonatuurlike verskynsels met 'n spesifieke doel
        - Verskeie pogings al aangewend om plae te verklaar (kosmies, geologies, seisoen) – help nie veel nie
        - 4 Periodes van wonders in Bybel: (1) Uittog (2) Elia/Elisa (3) Jesus/apostels (4) Twee getuies in Op 11
    d. Onthou die voorspelde vyandskap in Gen 3:15
    e. Egipte was magtigste nasie, farao magtigste persoon – het baie gode gehad – plae ontmasker die gode as nutteloos (Eks 12:12b)
    f. Doel met die plae:
        - Eks 7:17 – farao moet die Here as die Here leer ken
        - Eks 8:10, 9:14 – farao moet die Here as die enigste Here leer ken
        - Eks 9:16 – farao moet die Here as die almagtige Here leer ken, sodat Sy Naam oor die aarde verkondig sal word
        - Eks 8:22 – farao moet leer die enigste, almagtige Here is in die land
    g. Vergelyk wat die farao moes leer met wat Moses moes leer (Eks 6:1-2)
3. Wat leer ons uit die farao se harde hart?
    a. Elke plaag verwys na die harde hart van die farao, selfs al het van die Egiptenare tot ander insigte gekom, selfs al het die farao soms valslik voorgegee hy sal toegee.
    b. Harde hart = swaar hart (onsensitief), sterk hart (hardkoppig), moeilike hart (reageer nie)
    c. Handelende party in verharding: die Here en die farao
    d. Hart = verstand + emosies + wil – hele wese
    e. God se soewereiniteit vs mens se verantwoordelikheid (vgl Rom 9:16-18, Hand 2:38)
        - Verharding van farao getuig van die Here se ongeëwenaarde mag / soewereiniteit wat agting afdwing (Eks 3:12, 14:17-18)
        - Die almag van die Here lei tot Sy geduld met die farao (Nahum 1:3)
        - Die Here het nie die farao "gedwing" om harde hart te hê nie
            - Die Here het net nie ingegryp in farao se natuurlike harde hart nie
            - Die Here het die farao telkens geleentheid gegee om te bekeer
            - Die farao het hom telkens verhard
            - Die Here het hom oorgegee (Rom 1:26)
        - Alle mense het genadige ingryping van die Here nodig, anders bly hulle harte hard (2 Kor 2:15-16, Eseg 36:25-28)
        - Onthou: Rom 9:20-23 – die Here is soewerein
        - Hoofsaak is: die Here openbaar Homself aan ons